

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BEDRYFSEKONOMIE HG

OCTOBER / NOVEMBER 2005  
OKTOBER / NOVEMBER 2005

TYD: 3 uur

PUNTE: 400

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
  - AFDELING A: Vraag 1 is VERPLIGTEND.
  - AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.
  - AFDELING C: Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.
- **Moenie** meer as SEWE vrae beantwoord nie. Addisionele werk sal nie nagesien word nie.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
- Begin elke nuwe vraag op ? nuwe bladsy.
- Netheid en ? stelselmatige aanbieding van feite word vereis.
- Die tyd wat jy spandeer, asook die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die puntetoekenning van die vraag.

## AFDELING A

**VRAAG 1**  
**VERPLIGTEND**

Kies die korrekte antwoord op Vrae 1.1 tot 1.24 uit die vier moontlikhede wat verskaf word.

Dui die antwoord aan deur ? kruisie (X) oor die toepaslike letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** te trek.

1.1 ABC (Edms.) Beperk kan met besigheid begin nadat die \_\_\_\_\_ ontvang is.

- A. sertifikaat van inlywing
- B. prospektus
- C. sertifikaat om met sake te begin
- D. akte van oprigting

1.2 ABC (Edms.) Beperk ontvang sy regspersoonlikheid vanaf \_\_\_\_\_ .

- A. die aandeelhouers
- B. die direktere
- C. die Registrateur van Maatskappye
- D. die promotoirs

1.3 Wat word die stigters van ABC (Edms.) Beperk genoem?

- A. Direkteure
- B. Inspekteurs
- C. Promotors
- D. Ouditeure

1.4 ABC (Edms.) Beperk het ? regspersoonlikheid en besit daarom ook \_\_\_\_\_.

- A. beperkte verliese
- B. onbeperkte ledetal
- C. beperkte winste
- D. onbeperkte lewensduur

1.5 Die naam van die maatskappy eindig met BEPERK. Dit dui aan dat \_\_\_\_\_.

- A. die kapitaal van die maatskappy beperk is tot ? sekere bedrag
- B. die aantal direkteure beperk is
- C. slegs ? gespesifiseerde aantal aandeelhouers betrokke is
- D. die aanspreeklikheid van aandeelhouers beperk is

1.6 ? Versekeringskontrak kan slegs tot stand kom wanneer daar \_\_\_\_\_ is.

- A. sekuriteit
- B. ? versekerbare belang
- C. ? verspreiding van risiko
- D. skadeloosstelling

1.7 Kapitaal verkry deur skuldbriewe staan bekend as \_\_\_\_\_.

- A. vaste kapitaal
- B. bedryfskapitaal
- C. eie kapitaal
- D. geleende kapitaal

1.8 ? Maatskappy met ? kapitaal van R200 000 en ? wins van R5 000 vir die finansiële jaar, word beskou as \_\_\_\_\_.

- A. insolvent
- B. ondergekapitaliseerd
- C. oorgekapitaliseerd
- D. likied

1.9 Die hoofaktiwiteit van die administratiewe funksie is \_\_\_\_\_.

- A. besluitneming
- B. kommunikasie
- C. bemarking
- D. die verskaffing van inligting

1.10 Die WNNR is betrokke by die \_\_\_\_\_.

- A. bevordering van handel binne ? sekere gebied
- B. ontwikkeling van menslike hulpbronne
- C. opstel van spesifikasies en gebruikskodes
- D. skep van ? mark vir verhandelbare sekuriteite

1.11 Modeklere staan bekend as \_\_\_\_\_ -goedere.

- A. geriefs
- B. spesialiteits
- C. nywerheids
- D. uitsoek

1.12 Die element van die bestuurstaak wat verantwoordelik is vir die verdeling van werk in die verskillende bedryfsbestuursvlakke is \_\_\_\_\_.

- A. koördinering
- B. beplanning
- C. beheer
- D. organisering

1.13 Wanneer produksie daal, behoort veranderlike koste \_\_\_\_\_.

- A. in totaal konstant te bly
- B. in totaal af te neem
- C. per eenheid konstant te bly
- D. in totaal te vermeerder

1.14 Watter bokoste-item veroorsaak geen kontantuitvloei vir die onderneming nie?

- A. Brandversekering
- B. Huur
- C. Eiendomsbelasting
- D. Waardevermindering

1.15 Ford (Edms.) Beperk is ? fabriek wat voertuie vervaardig. Ons het hier te make met die onderneming se \_\_\_\_\_.

- A. doelwit
- B. beleid
- C. missie
- D. strategie

1.16 Die vraag na watter van die volgende produkte is onelasties?

- A. Motorkarre
- B. Juweliersware
- C. Brood
- D. Lekkergoed

1.17 Watter item sal in die kapitaalbegroting van ? onderneming verskyn?

- A. Aankoop van ? voertuig
- B. Aankoop van brandstof
- C. Betaling van inkomstebelasting
- D. Betaling van arbeiders

1.18 Wanneer meer as een versekeringsmaatskappy dieselfde risiko/verlies deel, verwys ons na \_\_\_\_\_.

- A. subrogasie
- B. sedering
- C. herversekering
- D. herinbesitstelling

1.19 RB Handelaars het die volgende inligting:

Verkoop van goedere	R250 000
Kosprys van goedere verkoop	R120 000
Gemiddelde hoeveelheid voorraad teen kosprys	R 40 000
Eindvoorraad teen kosprys	R 10 000
Beginvoorraad teen kosprys	R 35 000

Die omsetsnelheid van voorraad van RB Handelaars is \_\_\_\_\_.

- A. 15 keer
- B. 7 keer
- C. 3 keer
- D. 5 keer

1.20 Wanneer ? vervaardiger ? nuwe produk op die mark bekendstel, is \_\_\_\_\_ sy onmiddellike doel met reklame.

- A. markuitbreiding
- B. mededingende reklame
- C. vraagskepping
- D. produksiestimulering

1.21 Die administrasie van \_\_\_\_\_ teken alle bestellings deur kliënte en betalings ontvang aan.

- A. verkope en debiteure
- B. aankope en krediteure
- C. grondstowwe en krediteure
- D. voorraad en debiteure

- 1.22 By watter ondernemingsvorm kan skuldeisers in die geval van insolvensie op die bates van ? onderneming aanspraak maak en ook op dié van die eienaars?
- Patsy en dogter Bloemiste
  - Bosman Bouers B.K.
  - I & J (Edms.) Beperk
  - Yskor Beperk
- 1.23 Die likiditeit van Bosman Bouers B.K. dui op die \_\_\_\_\_ .
- beskikbaarheid van voldoende kontant om lopende uitgawes te betaal
  - verskil tussen die kapitaal- en die kontantbegroting
  - winsgewendheid van die onderneming
  - vaste kapitaal van die onderneming
- 1.24 As die bestuur van ? onderneming wil vasstel watter van sy produkte die beste oor die afgelope drie jaar verkoop het, sal hulle na die \_\_\_\_\_ kyk.
- begroting
  - kosteberekening
  - statistieke
  - produksiekoste

24x3= (72)

Beantwoord die volgende vrae in jou **antwoordboek**.

Dui by elk van die volgende aan of dit verkieslik is om die administratiewe werk te **sentraliseer** of te **desentraliseer**. Skryf slegs **sentraliseer** of **desentraliseer** langs die betrokke vraagnommer neer.

- 1.25 Dag-tot-dag administratiewe werksaamhede van ? bepaalde kleinhandelaar met takke wat oor die hele land versprei is.
- 1.26 Werksaamhede van ? roetine-aard soos personeelbestuur, aankope en finansies.
- 1.27 Waar die onderneming nie genoegsame en bevoegde bestuurders tot sy beskikking het nie.
- 1.28 Waar daar ? groot hoeveelheid administratiewe werk in die onderneming is. 4x2= (8)

Pas die **begrippe** in **Kolom A** by die **beskrywings** in **Kolom B**. Skryf slegs die **letter van die alfabet** langs die **toepaslike vraagnommer** neer bv 1.34 – G.

KOLOM A	KOLOM B
1.29 ? voorbeeld van geriefsgoedere	A. Beleidsinstrumente in bemarking
1.30 prysbeleid	B. Mercedes Benz motorkar
1.31 ? voorbeeld van handelsmerke	C. Gratis geskenke
1.32 publisiteit	D. Brood
1.33 reclame/publisiteit	E. Bemarkingskommunikasiebeleid
	F. Nuus van ? sakeonderneming

5x2= (10)  
b.o.

Pas die **begrippe** in **Kolom A** by die **beskrywings** in **Kolom B**. Skryf slegs die **letter** (**A tot F**) langs die **toepaslike vraagnommer** neer, bv. 1.34 – G.

<b>KOLOM A</b>	<b>KOLOM B</b>	
1.34 Funksionele gesag	A. Die reg van bestuur om besluite te neem en bevele te gee	
1.35 Spanwydte van leiding	B. Die verpligting om ? toegekende taak te verrig	
1.36 Verantwoordelikheid	C. Die omvang van toesig deur ? bestuurder oor ? aantal ondergeskiktes	
1.37 Lyngesag	D. Die reg van spesialiste om opdragte te gee	
1.38 Gesag	E. Eenheid van bevel en bestuur	
	F. Die reg om te adviseer en bystand te verleen	
		5x2=(10)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

#### AFDELING B

Beantwoord TWEE vrae in hierdie afdeling.

Die volgende gevallenstudie verwys na al VIER vrae in hierdie afdeling.  
Lees dit noukeurig deur voordat jy jou TWEE vrae kies.

Elf jaar gelede het tien talentvolle sakemanne wat in verskillende rigtings spesialiseer, ? venootskap gestig. Hulle vervaardig rubberprodukte en spesialiseer in die maak van motorbande.

Alhoewel dit aanvanklik ? opdraende stryd was, het hulle onderneming floreer. Hulle het soveel bestellings gekry dat hulle dit nie effekief kon hanteer nie. In ? beplanningssessie, was een van die voorstelle om hulle onderneming uit te brei en dit het gelei tot die keuse van ? ander ondernemingsvorm, die publieke maatskappy. Alhoewel die stigtingsprosedure van die ondernemingsvorm ? ingewikkeld proses is, kan hulle aandele aan die publiek uitreik en hulle kan sodoende eie kapitaal maklik bekom.

#### VRAAG 2

Bespreek die registrasieprosedure van die nuwe ondernemingsvorm asook die inhoud van die dokument wat gebruik moet word om aandele aan die publiek beskikbaar te stel breedvoerig.

[50]

#### VRAAG 3

Die produkbeleid van die onderneming sluit die volgende in: Die keuse van die produk of produkreeks en verpakking. Bespreek die TWEE ander ontbrekende elemente van die produkbeleid breedvoerig.

[50]

**VRAAG 4**

Ten einde doeltreffende debiteurebestuur te verseker, moet die onderneming ? kredietverlenings- en ? kredietinvorderingsbeleid neerlê en toepas. Bespreek hierdie twee beleide in die onderneming volledig.

[50]

**VRAAG 5**

Die onderneming vervaardig jaarliks naastenby 140 000 motorbande. Hierdie skaal van produksie impliseer dat die aanleg ? ononderbroke produksiestelsel, asook effektiewe kwaliteitsbeheer toepas. Bespreek hierdie TWEE stellings volledig.

[50]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [100]****AFDELING C**

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 6**  
**ONDERNEMINGSVORME**

- 6.1 John en Julie het saam ? bloemistewinkel (J & J Bloemiste) geopen.
  - 6.1.1 Noem VYF nadele van hierdie tipe ondernemingsvorm. (10)
  - 6.1.2 Lys VYF sake wat in die venootskapskontrak tussen John en Julie voorkom. (10)
- 6.2 Tabuleer VYF verskille tussen J & J Bloemiste en Adeco (Edms.) Beperk as ondernemingsvorme. (10)
- 6.3 Noem en verduidelik die inhoud van die dokument wat ingevul moet word wanneer ? Beslote Korporasie gestig word. (14)
- 6.4 Wanneer twee of meer maatskappye saamsmelt, kan een van die maatskappye as ? beheermaatskappy bekend staan. Wanneer beskou jy ? maatskappy as ? **beheermaatskappy?** (6)

[50]

**VRAAG 7**  
**BEMARKING**

- 7.1 Behalwe vir **markvorme** is daar nog ander faktore wat prysbepaling kan beïnvloed. Verduidelik enige VIER ander faktore volledig. (12)
- 7.2 Wat is die VYF doelwitte van die vervaardiger met prysbepaling? (10)
- 7.3 Bemarkingskommunikasie en finansiële ondersteuning is twee voordele van ? franchise (konsessie). Watter VIER nadele hou die konsessie (franchise) vir die eienaar in? (8)
- 7.4 Simba-skyfies maak van die indirekte verspreidingsmetode gebruik. Wat sal Simba se redes wees om van hierdie metode gebruik te maak? (10)
- 7.5. Watter VYF beginsels van reklame moet die reklamepraktisy in gedagte hou wanneer hy ? advertensieveldtog beplan? (10)  
[50]

**VRAAG 8**  
**FINANSIËLE FUNKSIE**

- 8.1 Vaste kapitaal is die deel van die totale kapitaal wat opgesluit lê in vaste bates soos grond, geboue, voertuie en toerusting. Verduidelik die DRIE faktore wat die hoeveelheid vaste-kapitaal van ? onderneming bepaal. (9)
- 8.2 Wanneer ? onderneming ? lening wil aangaan, is daar sekere finansieringsbronne wat hulle kan oorweeg. Verduidelik VIER faktore in die keuse van ? finansieringsbron. (12)
- 8.3 Verduidelik DRIE soorte voorkeuraandele wat ? onderneming kan uitreik om sy eie kapitaal te versterk. (9)
- 8.4 Bestudeer die volgende uittreksel uit die Balansstaat van Blesbok Bpk en beantwoord die daaropvolgende vrae.

<b>Vaste bates/Tasbare bates/Eiendom, aanleg en toerusting</b>	<b>Grond en geboue</b>	<b>Voertuie</b>	<b>Toe- rusting</b>	<b>Totaal</b>
Drawaarde einde vorige jaar	2 000 000	90 000	61 000	151 000
Kosprys	2 000 000	120 000	95 000	215 000
Opgehopte/Opgelope waardevermindering		40 000	44 000	84 000
<b>Beweging</b>				
Verklarings teen kosprys	0	0	0	0
Bateverkope teen drawaarde		0	0	0
Waardevermindering vir die jaar		0	0	0
<b>Drawaarde einde van huidige jaar</b>	<b>2 000 000</b>	<b>80 000</b>	<b>51 000</b>	<b>131 000</b>

<b>Gewone aandelekapitaal</b>	
<b>GEMAGTIG</b>	
xxxx gewone aandele van Rx elk	150 000
<b>UITGEREIK</b>	
xxxx aandele uitgerek teen Rx op die laaste dag van die vorige jaar	120 000
xxx aandele teen Rx uitgerek gedurende die finansiële jaar	0
xxxx aandele teen Rx op sluitingsdatum	120 000

- 8.4.1 Indien Blesbok Beperk nog aandele wil uitreik, hoeveel kapitaal kan hulle nog bekom? (2)
- 8.4.2 Verduidelik TWEE soorte skuldbriewe wat kan voorkom in die Balansstaat. (4)
- 8.4.3 Die kosprys van voertuie was R120 000. Verduidelik die bedrag van R80 000 in die Balansstaat. (6)
- 8.4.4 Verduidelik die konsep **reserwe**. (2)
- 8.4.5 Noem SES bronne van bedryfskapitaal. (6)  
[50]

### **VRAAG 9**

#### **PRODUKSIEFUNKSIE / DIE ONDERNEMING EN SY ONGEWING**

- 9.1 Die volgende gegewens is uittreksels uit die boeke van Shine Beperk met betrekking tot die produksie van 200 lampe vir die einde Maart 2000:

Grondstowwe voorhande (1 Maart 2000)	4 000 eenhede
Grondstowwe aangekoop	6 000 eenhede
Grondstowwe voorhande (31 Maart 2000)	2 000 eenhede
(Koste per eenheid R2,00)	

Koste:

Lone vir werkers wat lampe maak	R16 000
Salaris vir verkoopspersoneel	R16 000
Waardevermindering	R 400
Huur van fabriek	R 2 000
Water en elektrisiteit	R 1 100

Gebruik die gegewens en bereken die volgende:

- 9.1.1 Die totale primêre koste (9)  
 9.1.2 Die totale bokoste (6)  
 9.1.3 Die eenheidskoste (5)

- 9.2 9.2.1 Produksiespesifikasie kom algemeen in groot vervaardigingsondernemings voor. Noem DRIE voordele wat produksiespesifikasie bied. (6)
- 9.2.2 Beskryf watter voordele effektiewe produksiekontrole aan die vervaardiger en handelaar bied. (4)

9.3 Noem VYF dienste van die volgende instellings:

- |                                       |             |
|---------------------------------------|-------------|
| 9.3.1 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank | (10)        |
| 9.3.2 Die Sakekamers                  | (10)        |
|                                       | <b>[50]</b> |

### **VRAAG 10 VERSEKERING/ADMINISTRATIEWE FUNKSIE**

10.1 Watter voordele hou versekering vir ? onderneming in? 5x2=(10)

10.2 Noem VYF risiko's wat ? sakeman op homself moet neem (nie-versekerbare-risiko's). 5x2=(10)

10.3 Verduidelik die TWEE beginsels wat voorkom by versekering. (10)

10.4 Die volgende eis is ingedien:

Waarde van eiendom R40 000

Versekerde waarde van eiendom wat deur ? brand beskadig is R50 000

Watter term kom voor by die bogenoemde tipe versekering en wat sal die vergoeding wees wat uitbetaal word indien die eiendom totaal vernietig is? (4)

10.5 Noem SES sake wat uit begrotingsbeheer kan voortspruit. (6)

10.6 Verduidelik die term **sentralisasie** en gee VIER voordele van hierdie administratiewe aktiwiteit. (10)

**[50]**

### **VRAAG 11 DIE FUNKSIE VAN ALGEMENE BESTUUR**

11.1 Noem die tipe besluite en termyne van besluite wat op top-, middel- en laebestuursvlak geneem word. (6)

11.2 Watter VYF beginsels word vir effektiewe beplanning vereis? (10)

11.3 Verduidelik DRIE voordele **en** nadele van die lynorganisasie. (12)

11.4 Wat behels die matriksorganisasie? (4)

11.5 Noem enige VYF beheermaatreëls wat ? onderneming kan toepas om seker te maak dat die onderneming wel op sy doelwitte afstuur. (10)

11.6 Watter soort kommunikasiemiddelle kom in ? onderneming voor? (4)

11.7 Noem enige VIER sake wat ? werker sal aanspoor tot beter prestasies en hoër produktiwiteit. (4)

**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [200]**

**TOTAAL: 400**